



EKSKLUSIEWE LEGENDES GHOLFDAG

SERENGETI GOLF AND WILDLIFE ESTATE

Dit is meer as net gholf... elke hou maak 'n verskil!

DATUM:

25 SEPTEMBER 2025



ADAM TAS

BAKKIES BOTHA

APPEL



EKSKLUSIEWE LEGENDES GHOLFDAG

Ons nooi jou hartlik uit na 'n eksklusiewe gholfdag, 'n geleentheid waar gholf en legendes saamspan om iets werklik betekenisvol te bereik. Hierdie dag gaan nie net oor die spel nie, maar ook oor die verskil wat jy in ons gemeenskap kan maak om hoop te bring waar dit die nodigste is. Die aand belooft net soveel opwinding, met optredes deur gewilde kunstenaars en 'n veiling aangebied deur die gewilde Woes TV-aanbieder Jaco van Dyk.



WAT IS HELPJAG?

HelpJag is een van **Solidariteit Helpende Hand** se grootste projekte. Jagters en boere skenk wildsvleis wat verwerk en versprei word na skole, ouetehuse en ander instellings waar vleis 'n luukse is. Op die oomblik **voed** HelpJag en Helpende Hand se Kosblikkie-projek **daaglik** sowat **8 000 kleuters in 130 skole landswyd**.

Die impak is reeds sigbaar. Die **afgelope sewe jaar is meer as 240 ton wildsvleis verwerk en aan behoeftige instansies versprei**.

Fondsinsamelingsinisiatiewe soos die gholfdag word geloods om te verseker dat die projek volhoubaar is.

Ons wil jou/jou onderneming graag uitnooi om as borg deel te word van hierdie geleentheid. Jou bydrae maak nie net die gholfdag moontlik nie, maar dra direk by tot 'n betekenisvolle saak – *om honger te verlig en hoop te bring.*



HALFWEGHUIS R30 000 IN KONTANT OF PRODUK

Hierdie borg:

- kry bemerkingsregte van die halfweghuis-area;
- kan inligtingstukke/promosie-items in die verwelkomingsakkies plaas;
- se handelsmerk sal op HelpJag se webblad vertoon word;
- sal lugtyd ontvang in die video-opname wat op die dag gemaak word;
- sal in vooraf bemerking en tydens die gholfdag op HelpJag en WOES TV se Facebook-blad genoem word;
- se handelsmerk sal roterend tydens die aandfunksie op die skerm verskyn;
- sal een video-advertensie van 30-60 sekondes tydens die aandfunksie kan vertoon;
- se advertensie-video sal op WOES TV se sosiale media verskyn met 'n skakel na die borg se webblad;
- se handelsmerk sal in die programboekie en op die gedrukte tafelnommers verskyn;
- se handelsmerk sal in uittreksels uit die aandprogram op sosiale media verskyn.
- ontvang 'n vierbal en die gebruik van twee gholfkarretjies;
- kan die aandfunksie bywoon (maksimum 4 persone);
- ontvang 'n stalletjie by 'n putjie van sy keuse;
- word versoek om self gazebo's en ander items vir die stalletjie saam te bring;
- 'n tafel en stoele sal voorsien word.



PROMOSIEGESKENKE

Hierdie borg:

- se handelsmerk sal op HelpJag en WOES TV se webblad vertoon word;
- sal lugtyd ontvang in die video-opname wat op die dag gemaak word;
- se handelsmerk sal roterend tydens die aandfunksie op die skerm verskyn; en
- se handelsmerk sal in die programboekie en op die gedrukte tafelnommers verskyn;
- ontvang 'n stalletjie by 'n putjie van sy keuse;
- word versoek om self gazebo's en ander items vir die stalletjie saam te bring;
- 'n tafel en stoele sal voorsien word;

KOSTE (HIERDIE IS SLEGS VOORSTELLE)

GHOLFPETTE: R20 000

SOKKIES: R20 000

WATERBOTTELS: R20 000

GHOLFHANDDOEKIES: R20 000



PUTJIE/STALLETJIE R5 500

Hierdie borg:

- beman 'n stalletjie by 'n putjie;
- word versoek om self gazebo's en ander items vir die stalletjie saam te bring;
- 'n tafel en stoele sal voorsien word;
- kan die aandfunksie bywoon (maksimum twee persone); en
- kan ook 'n handelsmerkpakket teen R2 000 neem (dit is 'n besparing van R500) of 'n videopakket teen R3 500 (dit is 'n besparing van R1 500).



VEILINGSITEMS OF PRYSE

Hierdie borg:

- kan inligtingstukke in die verwelkomingsakkies plaas;
 - se handelsmerk sal tydens die aandfunksie by die spesifieke geborgde item op die skerm vertoon word.
- kan ook 'n handelsmerkpakket teen R2 000 neem (dit is 'n besparing van R500) of 'n videopakket teen R3 500 (dit is 'n besparing van R1 500).



RAAK BETROKKE AS ADVERTEERDER

VIDEOPAKKET - R5 000

Hierdie borg:

- se handelsmerk sal roterend tydens die aandfunksie op die skerm verskyn;
- se handelsmerk sal in die programboekie en op die gedrukte tafelnommers verskyn;
- sal 'n video-advertensie van 30-60 sekondes tydens die aandfunksie kan vertoon; en
- se advertensie-video sal op WOES TV se sosiale media verskyn met 'n skakel na die borg se webblad.



RAAK BETROKKE AS ADVERTEERDER HANDELSMERKPAKKET - R2 500

Hierdie borg:

- se handelsmerk sal roterend tydens die aandfunksie op die skerm verskyn; en
- se handelsmerk sal in die programboekie en op die gedrukte tafelnommers verskyn.



BUFFELSFONTEIN
BRANDEWYN



VOLGELINGE OP SOSIAL MEDIA

DIE VENNOTE EN AMBASSADEURS

Die HelpJag-ambassadeurs en mediavennoot van die geleentheid sal gevra word om alle plasings te deel

HelpJag

11 000

WOES TV

100 000+

Appel (Musiek)

227 000

Adam Tas (Musiek)

139 000

Pretoria FM

193 000

664 000



Baie dankie!



VIR MEER INLIGTING:
Margolé Riekert 074 488 0508/margole@helpjag.co.za
www.helpjag.co.za

